

26 Augustus - OPENBAAR

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21

Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:9

Wanneer 'n jong ma aan kanker sterf, of 'n onskuldige weldoener in die gemeenskap sterf, vra mense soms hoe sulke dinge gebeur as God mense liefhet. Hoe weet ons dat God ons werklik liefhet, veral as ons swaarkry?

Die bewys van God se liefde lê daarin dat Hy bereid was om ter wille van ons op te offer. Hy het sy eie Seun na die aarde gestuur om geoffer te word sodat ons met God versoen kon word. Die prys van hierdie liefdesdaad is onberekbaar groot.

Iets van die verskriklike opoffering van ons Here Jesus hoor ons in sy kruiswoorde: *“My God, my God, waarom het U My verlaat?”* (Matt 28:46). Dit is baie erger as 'n ontroue man wat sy vrou verlaat, of 'n geliefde wat met sy laaste asemteug die lewe op aarde verlaat. God het sy liefde vir ons geopenbaar toe Hy sy Seun as versoening vir ons sondes gestuur het. Om hierdie rede het ons ook geen rede om bang te wees vir die oordeelsdag nie.

Die openbaarmaking van God se liefde met dit wat op Golgota gebeur het, het verreikende gevolge. Hy het sy Gees as Trooster gestuur om vir ewig by ons te wees (Joh 14:26). Ons Here Jesus maak tans vir ons plek gereed in sy Vader se Huis (Joh 14:2) en Hy pleit vir ons by sy Vader (Rom 8:34).

Wanneer ons ly as gevolg van die gebrokenheid van die wêreld, of ons eie sonde of die werk van die duiwel, is ons as gelowiges verseker dat niks ons van sy liefde kan skei nie. Die liefde wat God reeds aan ons geopenbaar het, word tans voortgesit.

Die einddoel daarvan is om uiteindelik in God se teenwoordigheid te kan leef.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7

Dr EJ de Beer (Laeveld)